higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIENRIGLYN

## NASIONALE SERTIFIKAAT

## ENTREPRENEURSKAP EN ONDERNEMINGSBESTUUR N5

(Tweede Vraestel)

## 4 JUNIE 2018

**Hierdie nasienriglyn bestaan uit 9 bladsye.**

Kopiereg voorbehou

## VRAAG 1

1.1 Wees proaktief✓
Na die ongeluk waarin sy ouers gesterf het, het hy die inisiatief geneem om 'n vervoerbesigheid te begin. Vandag is hy 'n suksesvolle entrepreneur.✓✓

Begin met die einde in gedagte✓
'n Persoonlike missiestelling sal hom in staat stel om te fokus op wat hy wil wees, wat hy wil doen, en die waarde van sy aksies.✓✓

Bepaal prioriteite✓
He moet eerste dinge eerste stel. Sekere aktiwiteite het dringend aandag nodig.✓✓

Die wen/wenkombinasie✓
Hy moet toesien dat alle belanghebbers in sy onderneming goed voel en voordeel trek uit die wedersydse aanvaarding van die resultaat van ander mense se besluite.✓✓

Die ander standpunt✓
Hy moet leer verstaan en aanvaar dat mense van verskillende agtergronde afkomstig is, verskillende smake en taalkeuses het, en dus dinge verskillend waarneem.✓✓

Sinergie✓
Hy en sy werknemers moet 'n gekombineerde benadering tot besluitneming volg. Hy moet leer dat daar interaksie moet wees tussen hom en sy werknemers. 'n Spanpoging is nodig.✓✓

Persoonlike motivering✓
Koba moet toegewyd bly aan, en gefokus bly op, sy mssie. Hy moet goed omsien na homself (fisies, psigies, spiritueel en sosiaal).✓✓

(Enige toepaslike verduideliking. 1 punt vir aksie en 2 punte vir verduideliking.)
(7 × 3) (21)

1.2 Besluitnemingsproses (stappe)

Stap 1 Diagnoseer en omskryf die skynbare probleem
Hy moet die voordeel en oorsprong van die situasie bepaal.✓✓

Stap 2 Versamel en analiseer die inligting
Versamel so veel moontlik inligting oor beide sake-idees – om 'n nuwe drywer aan te stel of na ander dele van die land uit te brei.✓✓

Stap 3 Stel die werklike probleem op skrif
Wat is die werklike situasies (positiewe en negatiewe uitwerkings).✓✓

Stap 4 Lê besluitnemingskriteria neer
Bepaal wie om te ontmoet, om te help om 'n ingeligte besluit te neem.✓✓

Kopiereg voorbehou

Stap 5 Ontwikkel alternatiewe oplossings
Sorg dat jy 'n opsie het.✓✓

Stap 6 Bepaal moontlike resultate
Wat sal die impak wees van die sakebesluit wat ten opsigte van die oplossing geneem is?✓✓

Stap 7 Tree op
Tree op – begin met die werk – stel 'n nuwe drywer aan of brei uit.✓✓

Stap 8 Neem opvolgbesluite
Voer 'n realistiese implementering en evaluering uit.✓✓
(2 punte vir verduideliking) (8 × 2) (16)

1.3 1.3.1 Klante
Die daaglikse belang van elke bedryf is sy klante. As jy dienste verskaf wat tydig is, klante belangrik laat voel en hulle verwelkom en waardeer, sal daar 'n toename wees in die vraag na KM Transport, wat 'n toename in die inkomste van die onderneming tot gevolg sal hê.✓✓

1.3.2 Verskaffers
Verskaffers wat busse, taxi's en motors van goeie gehalte aan KM Transport voorsien dra by tot die verskaffing van 'n goeie diens aan hulle klante.✓✓

1.3.3 Mededingers
Kompetisie kan op 'n gesonde manier gebruik word. Die prysbepalingsmetodes van die onderneming, die verlaging van party van die onderneming se bo-koste, en die voordeel van skaalbesparings kan meer wins tot gevolg hê.✓✓

1.3.4 Regering
As die regering besluit om die dienste van KM Transport vir skoolprogramme te gebruik, sal dit hulle inkomste verhoog.✓✓
Regeringsregulasies wat vervoerstelsels bevorder sal dien as aanmoediging en hulp vir die onderneming om hulle klantebasis te laat toeneem. (4 × 2) (8)

1.4 Kennis van basiese diensvoorwaardes
Koba moet oor 'n basiese kennis van diensvoorwaardes beskik om hom te help om sy werkers✓ te hanteer met betrekking tot salaris,✓ werksure, oortyd, werk op Sondae en openbare vakansiedae,✓ jaarlikse en siekteverlof,✓ indiensneming en beëindiging van dienskontrakte.✓
(5 × 1) (5)
**[50]**

## VRAAG 2

2.1
- Dit moet in 'n raam geplaas word✓
- Onderneming se naam en ligging✓
- Postitel/posisie✓
- Pligte✓✓✓✓
- Kwalifikasies en vaardighede✓
- Kontakpersoon✓
- Diensvoorwaardes (salaris en werkstyd)✓
- Sluitingsdatum✓ (Maksimum van 10 punte)

| **KM TRANSPORT** | |
|---|---|
| **Posisie:** | Drywer |
| **Pligte:** | Bestuur, skoonmaak en onderhoud van bus |
| **Kwalifikasies en vaardighede:** | Bestuurslisensie (Kode 14)<br>5 jaar ondervinding in die bestuur van voertuie, en die vermoë om lang afstande te ry en buigsame ure te werk |
| **Kontakpersoon:** | Mnr. A N Monate<br>057 355 5768/073545678<br>mon@gmail.com<br>No. 1265 White House Straat<br>Posbus 4567 Phomolong<br>Henneman 9556 |
| **Diensvoorwaardes:** | Salarisbestek tussen R10 000–R15 000<br>13de tjek, verpligte diensvoorwaardes<br>Oortyd en mediese fonds |
| **Ligging van die pos:** | Virginia, Vrystaat |
| **Sluitingsdatum:** | 25 September 2018 voor 15:00 |

(10)

2.2 2.2.1
- Die manier waarop die werkers die geleentheid gegee word om te presteer en vooruit te gaan, sowel as erkenning kry vir hul pogings.
- Faktore soos salarisse, werksomstandighede, status, bevorderingsgeleenthede, erkenning van werk en verantwoordelikhede speel 'n belangrike rol.

2.2.2
- Individuele behoeftes moet hanteer word.
- Fisiologiese en sekuriteitsbehoeftes soos kos en water, lug, skuiling en beskerming is belangrik.

2.2.3
- Gebruik ‘n raadplegende en deelnemende bestuurstyl, eerder as ‘n eksploiterende en welwillende styl.
- Dit sal meer bydra tot die motivering van die werkers.

(3 × 4) (12)

2.3
- Die onderneming kan gratis vervoer bied aan weeskinders.
- Hulle kan ondersteuningsprogramme gebruik wat help om misdaad en dwelmmisbruik te voorkom.
- Hulle kan sport ondersteun.
- Hulle kan beurse aanbied vir behoeftige kinders.
- Hulle kan meer werksgeleenthede bied vir jongmense. (5 × 2) (10)

2.4 Die volgende faktore moet in plek wees wanneer ‘n taak gedelegeer word:

Verantwoordelikheid✓
Die toewysing van take moet gedoen word met duidelike riglyne vir die persoon wat die taak moet verrig.✓✓

Gesag✓
Voldoende gesag moet verleen word sodat daar namens die delegeerder opgetree kan word.✓

Aanspreeklikheid✓
Nadat ‘n taak toegewys en aanvaar is, word dit gevolg deur ‘n verpligting aan die kant van die gedelegeerde. Die gedelegeerde is nou aanspreeklik indien die taak nie suksesvol afgehandel word nie.✓✓ (8)

2.5

| | |
|---|---|
| Posbenaming: | Bemarkingsadministrateur |
| Rapporteer aan: | Eienaar✓ |
| Doelstelling: | Om te help met, en verantwoordelikheid te neem vir die bemarking van die onderneming se produkte/dienste✓ |

Verantwoordelikheid of plig van die pos:
- Bemarking van die onderneming se produk✓
- Skep van bewuswording van die produk✓
- Voorbereiding van die bemarkingsbegroting✓
- Beheer van die bemarkingsdepartement✓
- Hulp met strategiebeplanning (Enige toepaslike pligte)

| | |
|---|---|
| Toesighouding gegee: | Geen, of enige gegewe periode |
| Toesighouding ontvang: | 1 maand |
| Kwalifikasie: | Graad in Bemarking |
| Spesifieke vaardighede: | Bemarkingsvaardighede en rekenaargeletterd |
| Vorige ondervinding: | 3 jaar werksondervinding in 'n soortgelyke bedryf |
| Diensvoorwaardes: | Gewone diensvoorwaardes |

(4 punte vir pligte, 1 punt vir doelstelling, 1 punt vir raam en die res vir enige toepaslike item. Maksimum van 10 punte) (10)

**[50]**

## VRAAG 3

3.1 Opbrengs op belegging

$$\frac{\text{Netto wins na belasting} \times 100}{\text{Eienaarskapitaal}}$$✓

$$\frac{299\,880 \times 100}{690\,000}$$✓✓

$$\frac{29\,880\,000}{690\,000}$$

43,46%✓ (5)

3.2 Bedryfsverhouding

Bedryfsbates
Bedryfslaste✓

730 000✓
314 000✓

2,32 : 1✓✓ (5)

3.3 Ja✓

Vuurproefverhouding

Bedryfsbates – voorraad✓
Bedryfslaste✓

730 000–280 000
314 000

450 000✓
314 000✓

1,43 : 1✓

Invorderingsperiode van debiteure

Gemiddelde debiteure × 365 dae✓
Kredietverkope

150 000 × 365✓
270 200 (40% van 675 500)✓

202,63 dae✓ (10)

3.4
- Omskryf wat gemeet moet word.
- Bepaal die meeteenheid.
- Vestig die verlangde vlak.
- Meet die werklike teen die geprojekteerde verlangde resultaat.
- Aanvaar of verwerp die uitkoms. (5 × 2) (10)

3.5
- Pryse van verskaffers sowel as betalingsmetodes en afslag
- Frekwensie en koste van lewering
- Gehalte van grondstowwe kan gehalte van produkte beïnvloed
- Doeltreffendheid van diens gelewer deur verskaffers en verkoopspersone
- Gehalte van voorraad (5 × 2) (10)

3.6 3.6.1
- Aanpassing by nuwe tegnologie is baie belangrik.
- Tegnologie kan duur wees.
- Dit kan tot werksverliese lei.
- Dit lei tot 'n verbetering in produksie. (Enige EEN)

3.6.2
- Ons leef nou in 'n globale wêreld.✓✓
- Die impak van goeie staatsbestuur in een land sal 'n impak hê op ons land.
- Die prys van olie kan verhoog. (Enige EEN)

3.6.3 Die impak van kultuur kan 'n positiewe of 'n negatiewe uitwerking op die onderneming uitoefen.

3.6.4
- Belastingkoers
- Inflasie
- Belasting (Enige EEN)

3.6.5
- Dit is die mense met wie ons sake doen.
- Enige verandering in lewenstyl sal dus die onderneming beïnvloed. (Enige EEN)

(5 × 2) (10)
**[50]**

## VRAAG 4

4.1

| | 4.1.1 James (45 jaar) | 4.1.2 Bonki (65 jaar) | 4.1.3 Peterson (72 jaar) |
|---|---|---|---|
| 0–180 000 @ 18 | R32 400✓ | R 32 400✓ | R 32 400✓ |
| 180 001–195 800 (R15 800@ 25%) | R 3 950✓ | R 3 950✓ | R 3 950✓ |
| Totaal | **36 350**✓ | **R 36 350**✓ | **R 36 350**✓ |
| Minus primêre korting | (9 543) ✓ | (9 543)✓ | (9 543)✓ |
| Minus sekondêr | - | (7 510) | (7 510)✓ |
| Tersiêre korting | - | - | (3 050)✓ |
| Jaarlikse belasting verskuldig | **26 807**✓ | **19 297**✓ | **16 247**✓ |
| Maandelikse belasting verskuldig | **2 233,92**✓ | **1 608,08**✓ | **1 353,92**✓ |

(20)

4.2 4.2.1
- Nuwe toetreders tot die bedryf kan meer mense trek aangesien daar geen toerismebesigheid in die gebied is nie.
- Haar kennis van die bedryf is ‘n voordeel. (Enige EEN)

4.2.2
- Reklame in sowel die plaaslike as die nasionale media sal haar help om inligting oor die onderneming oor te dra.
- Die plaaslike media is bereid om haar onderneming te borg. (Enige EEN)

4.2.3
- Haar dienste word deur die jaar gelewer.
- Die onderneming het ‘n gevierde toergids. (Enige EEN)

4.2.4 Haar pryse is redelik en bekostigbaar.

4.2.5
- Klante word beskou as die kernverantwoordelikheid van die onderneming.
- Tydige diens word gelewer. (Enige EEN)

(5 × 2) (10)

4.3 4.3.1 Spel die minimum diensvoorwaardes uit, byvoorbeeld✓✓
Werksure✓
Oortyd✓
Betalingsmetode
Werk op Sondae en ander openbare vakansiedae

4.3.2 Bied vergoeding vir werkers of hulle afhanklikes✓✓ vir verlies aan inkomste as gevolg van gestremdheid of dood weens ‘n ongeluk by die werksplek (terwyl aan diens).✓✓

4.3.3 Bied ‘n raamwerk vir samewerking✓✓ en ‘n werksverhouding tussen werkgewer en werknemer.✓✓

4.3.4 Maak voorsiening vir die wat voorheen gewerk het maar wat nou afgetree het of afgedank is.✓✓
Dit is ‘n verpligte bydrae vir beide die werkgewer en werknemer ✓✓

4.3.5 Maak voorsiening vir die veiligheid en gesondheid van werkers by die werk.✓✓
Maak voorsiening vir die veiligheid van persone wat toerusting en gereedskap gebruik.✓✓
Maak voorsiening vir risiko’s vir hulle veiligheid.

(5 × 4) (20)
**[50]**

**TOTAAL: 150**

Kopiereg voorbehou